



Hendrik C. van Oordt.

Annie Lambrechts-Vos.

J. P. J. Wierts.

Marius A. H. Kerrebijn.

Nederlandse Komponiste en die Afrikaanse Lied

deur JAN BOUWS

DIE belangstelling van Nederlandse en Vlaamse musici vir Suid-Afrika dateer nie van vandag of gister nie. 'n Mens kan sê dat daar feitlik altyd 'n sekere belangstelling was wat in elke nuwe geslag opleef en geprikkel word deur gebeurtenisse in die Afrikaanse samelewing.

In die tweede helfte van die vorige eeu was dit drie Nederlanders wat die woorde en musiek van die Volksliedere van die twee Republieke geskryf het: advokaat Hamelberg, wat in die ses-tiger jare in Bloemfontein gewoon het, het by die woorde van die Vrystaatse volkslied 'n melodie gekry van W. F. G. Nicolai en sinds 1866 het daardie toonsetting van die Haagse Konservatoriumdirekteur menige Vrystater se geesdrif gewek. Dieselfde kan ook gesê word van die Transvaalse Volkslied waarvan Catharina Felicia van Rees die woorde en musiek op versoek van pres. Burgers geskryf het.

Die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog en besoeke van Afrikaanse deputasies aan Europa het steeds weerklank by die Vlaamse en Hollandse komponiste gevind. Die leier van die Vlaamse musiekbeweging van die 19e eeu, Peter Benoit, direkteur van die Konservatorium in Antwerpen, het sowel in 1881 en 1884 as in 1900 deur strydliedere van sy geesdrif vir die Afrikaanse saak blyk gegee. Ook die Brusselse Konservatoriumdirekteur F. A. Gevaert het 'n lied gekomponeer. In die Noorde het eweneens 'n aantal liedere losgekome, en hier was dit o.a. Dan. de Lange (wat reeds eerder deur sy kerkmusiek vir die Ned. Ger. Kerk in verbinding met Suid-Afrika gekom het), wat strydliedere uitgegee het. Verder het die Tweede Vryheidsoorlog 'n ware stroom populêre liedjies oor die Nederlande uitgestort wat oral gesing is en waarvan enkele na byna 'n halwe eeu nog onder die volk lewe.

Van 'n heel ander gehalte en kultureel belangriker as daardie liedere wat in hul lewensduur meestal afhanklik was van die aktualiteit, was die liedere wat deur Vlaminge of Noord-Nederlanders gekomponeer is op tekste van Afrikaanse digters. Dit is feitlik een van die eerste tekens van emansipasie van Afrikaans teenoor die taal van die Lae Lande. Die feit dat hierdie komponiste, behalwe in hulle eie taal ook inspirasie in Afrikaans gevind het, is van groter belang as alle redevoerings oor die gelyke regte van Afrikaans teenoor Nederlands.

Een van die baanbrekers op hierdie gebied was die dirigent van die Nederlandse Opera, Cornelis van der Linden (1839-1918) wat sy medewerking verleen het aan die bekende Hollands-Afrikaanse Liederbundel van dr. Mansvelt. Algemeen bekend en nog altyd in gebruik is sy klavierbegeleiding van „Mama, 'k wil 'n man hê!” wat ook deur ander sangbundels oorgeneem is. 'n Tyd lank het ook twee van sy liedere 'n seker populariteit

geniet, veral ook danksy die propaganda van mnr. Rompel: „Die meisies van die Kaap” (woorde van Susan) en die sinkopiese „Hul sal dit tog nie kry nie,” waarvan die woorde deur „Blikoor” ontleen is aan Da Costa se „Zij zullen het niet hebben.”


Kon in hierdie soort liedere nouliks nog van 'n artistieke waarde gepraat word, dit het moontlik geword toe die eerste produkte van die Tweede Taalbeweging in Europa bekend geword het. Aanvanklik het die meeste aandag van die Nederlandse komponiste nog minder op die leiers van daardie Beweging geval as wel op die eenvoudige poësie wat die jong digter A. D. Keet tydens sy agtjarige verblyf in Amsterdam (1909-1917) geskrywe en uitgegee het. Behalwe die feit dat hierdie gedigte ook vir Nederlanders baie maklik aanspreek, sal ook die persoonlike kontak van die digter met baie Nederlanders aan so 'n algemene verspreiding ten goede gekom het.

Twee bekende komponiste in die volkston het hulle dadelik tot Afrikaans aangetrokke gevoel: Arnold Spoel en J. P. J. Wierts (1866-1945). Albei kies uit die bundel van Keet, hoewel Wierts se belangstelling hiermee nie uitgeput was nie. Tot in sy laaste jare het hierdie vrugbare komponis 'n besondere voorkeur vir Afrikaanse poësie. 'n Mens kan onder sy digters sowel Celliers, Totius en Leipoldt as Keet, H. H. Joubert en P. Deys vind. Met begryplike voldoening kon die ou komponis in 1937 by 'n besoek aan Amsterdam een van sy komposisies aan sy teksdigter aanbied.


Dit is seker nie verwonderlik dat daar onder die groot oeuvre van een van die veelsydigste en lewendigste Nederlandse komponiste 'n Afrikaanse koorwerk is nie: „Komaan” deur Julius Röntgen (1855-1932). Dit is jammer dat die pogings van dr. Mansvelt om die vroulike komponis van Röntgen se generasie, Cath. van Rennes, tot daadwerklike belangstelling in die Afrikaanse lied aan te spoor, misluk het. Dr. Mansvelt het haar wel van tekste voorsien, maar die Utrechtse komponiste kon g'n inspirasie vind nie.

'n Ander Nederlandse uit die volgende generasie, Anna Lambrechts-Vos, was daarenteen besonder ontvanklik vir Afrikaans. Deur bemiddeling van Danie Smal het sy 'n meer as oppervlakkige kennis van Afrikaanse gedigte gekry sodat onder haar liedere tekste is wat in die twintiger jare vir die meeste Nederlanders nog onbekend was. Een van haar vyf bundels „Groot Suid-Afrika” bevat selfs uitsluitend tekste van I. D. du Plessis, 'n digter wat feitlik eers in die afgelope jare meer bekendheid in Nederland

(Vervolg op bladsy 68.)



Arnold Spoel.



Cornelis van der Linden.

Nederlandse Komponiste en die Afrikaanse Lied

(Vervolg van bladsy 25.)

gekry het. Behalwe die vyf bundels het sy ook nog enkele liedere in „Die Nuwe Brandwag” gepubliseer.

Onder haar tydgenote was nog enkele belangrike komponiste wat Afrikaanse tekste vir hul liedere gekies het: Cornelis Dopper (1870-1939) en Hendrik C. van Oordt (geb. 1873). Dopper het alleen kinderliedere gekomponeer, die tweestemmige „Waghondjies” (Celliers) wat reëlmatig deur kinderkore gesing word en verder 'n aantal kinderkore met strykers-begeleiding (tekste A. D. Keet) wat almal met die driestemmige „Voorjaarslied” van Wiertse verdien om in Suid-Afrika gesing te word. Miskien kan hulle op die Afrikaanse Eisteddfod voorgeskrywe word. 'n Enkele lied op meermaal gebruikte woorde is nog „Klaas Vakie” van Marius Kerrebijn en „Dis al” van dr. Rudolf Mengelberg.

Ook in Vlaandere was die belangstelling na die Vrede van Vereeniging nie dood nie. So het Emiel Hullebroeck 'n hele bundel liedere gekomponeer en hulle op sy talryke sangaande in Noord en Suid gepropageer. Van September 1920 tot begin Januarie 1921 het hy op inisiatief van die Algemene Nederlandse Verbond 'n kunsreis deur die Unie gemaak en op meer as sestig konserte behalwe sy Vlaamse ook sy Afrikaanse liedere van die Kaap tot in Transvaal laat hoor. In Oudtshoorn het hy kennis gemaak met die digter van „Die Stem van Suid-Afrika.” Hy het selfs 'n melodie vir Langenhoven se woorde geskrywe, maar tot 'n uitgawe daarvan het dit nooit gekom nie.

'n Ander Vlaamse komponis en tydgenoot van Hullebroeck het hom uitsluitend tot Celliers beperk: Renaat Veremans. Sy liedere „Die Watermeule,” „Lente,” „Liefdesklag” en „Maanlig” het hy met 'n orkesbegeleiding geskrywe. Van „Maanlig” bestaan 'n uitgawe met klavierbegeleiding, van „Liefdesklag” 'n grammofoonopname deur H.M.V.

Vlaamse komponiste van die jongste tyd is Ivo Mortelmans (geb. 1904) met „Komaan” en Daniel Clement. Laasgenoemde het behalwe 'n aantal liedere op woorde van Celliers, Leipoldt („Stembamba”), 'n groot aantal liedjies in volksliedstyl gekomponeer waarby hy die tekste ontleen het aan die F.A.K.-bundel.

Tot die Tweede Wêreldoorlog het die belangstelling in Noord en Suid veral gerig gebly op die digters van die Tweede Taalbeweging en die onmiddellik daarop volgende groep. Vir 'n belangrike deel is dit toe te skryf aan die algemeen verspreide bundel van prof. Pienaar „Digters uit Suid-Afrika.” 'n Uitgawe van digters wat sedert 1900 gebore is deur Uys Krige, nl. die „Afrikaanse Versameling,” skyn minder bekend te wees onder die musici as onder die letterkundiges. Tog is daar ook komponiste wat sowel gedigte van jongeres as oueres toonset.

Twee hiervan is nog voor 1900 gebore: Ernest W. Mulder en Johannes Röntgen, albei in 1896. Mulder het al vroeg kennis gemaak met Afrikaanse poësie. Die digter A. D. Keet het by sy vader adv. Paul Mulder aan huis gekom en ook ander Afrikaanse huisvriende het hom met Afrikaans vertrouwd gemaak. Met geesdrif het die jong komponis die opdrag aangeneem om 'n Afri-

(Vervolg op bladsy 69.)

Nederlandse Komponiste en die Afrikaanse Lied

(Vervolg van bladsy 68.)

kaanse feeskonsert te reël ter geleentheid van die veertigjarige bestaan van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging in 1921. Vir die koor wat daarby onder sy leiding gestaan het, het Mulder gebruik gemaak van die liedjies van Elbrecht. Met hierdie melodieë as uitgangspunt het hy koorwerke met sopraan-, alt- en baritonsoli geskrywe, nl. „Die Spruitjie” en „Die Smid” van Celliers en „As Saans” van Keet. Die konsert is afgesluit met „Die Stem van Suid-Afrika” vir koor en baritonsolo, waarby Mulder die melodie van KRN (Langenhoven self) gebruik het. In die volgende jare het Mulder sy aandag op ander komposisies gekonsentreer en het hy uitgegroeï tot een van die vernameste Nederlandse kontrapuntiste. In die Tweede Wêreldoorlog is sy belangstelling vir Afrikaans weer gewek, en behalwe die ouere digters, het veral W. E. G. Louw hom getref deur sy gedig „Hoe lank nog, Heer.” In sy felheid het dit tot een van die treffendste komposisies van hierdie Nederlandse toondigter geword.

Röntgen se belangstelling het eers in die afgelope jare ontstaan. Na die bly „Sing, vinkie, sing” (Leipoldt) wat deur sangeresse soos Annie Woud en Ruth Horna met sukses vir die radio gesing is, het hy sy tekste by jonger digters gesoek: Eitemaal se „Drinklied,” maar veral die weemoedige „Stil aand” wat by Röntgen tot ’n „Valse triste” geword het en „Liedjie” (albei van W. E. G. Louw) is daarvan die resultaat. Louw se liedere is reeds meermale deur die altsangeresse Annie Woud en Annie Hermes gesing.

Van die komponiste gebore ná 1900 is Wolfgang Wijdeveld (geb. 1910) besonder produktief vir die Afrikaanse lied. Wijdeveld was teorieleerling van Willem van Warmelo wat vandag in Pretoria werk. Hy was leerling van die Amsterdamse Konservatorium onder S. Dresden. Later het hy lesse geneem in komposisie by Willem Pijper en Ernest W. Mulder. Wijdeveld se oupa het jare in Suid-Afrika gewerk as argitek. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy meegeveg en is saam met gen. Cronjé na St. Helena gestuur. Die jong Wijdeveld het ter nagedagtenis aan hierdie oupa in 1944 tien liedere uitgegee waarvoor hy sy tekste vir ’n deel in Pienaar se bundel gevind het. ’n Ander deel is egter afkomstig van C. M. van den Heever, W. E. G. Louw en N. P. van Wyk Louw. Party is taamlik modern geskrywe. Besonder geslaag is die suiwer, ernstige lied van W. E. G. Louw „Die bloeisels van Jesus.” Hierdie liedere is deur die sangeres Betsy de la Porte gesing met begeleiding van Willem Eggink en deur die S.A.U.K. op grammofoonplate vasgelê. Ook die Nederlandse altsangeres Annie Woud, wat op die oomblik ’n konsertreis deur die Unie maak, het behalwe liedere van Afrikaanse komponiste ook enkele van Wijdeveld se liedere op haar repertoire. Mag hierdie groot vertolkster van Bach, Brahms, Wolf en Mahler ook sukses hê met haar vertolking van Afrikaanse liedere van Nederlandse komponiste!